

23 Februarie

Filippense 4:4-9, (Teks: 4:4)

Blydskap

Hier in Filippense 4:4 kry ons 'n baie bekende opdrag van die Here aan ons: "Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!" Eintlik is dit vreemd dat die Here aan ons 'n opdrag moet gee om bly te wees. 'n Mens wil mos altyd bly wees. En tog sien ons maar min blydskap en vreugde as ons om ons rondkyk na ons vriende, kollegas of vreemdes op straat.

Wat hierdie opdrag van die Here "wees altyd bly" ekstra spesiaal maak, is dat dit deur 'n gevangene geskryf is. Paulus, 'n veroordeelde omdat hy in Christus glo, skryf die woorde aan Christene wat self vervolgd word. Hier kry mense wat vir hulle lewens vrees, van iemand wat self swaarkry die opdrag om bly te wees. Blydskap is dus nie net beskore vir dié met wie dit goedgaan nie! Mense wat swaar kry kan innerlik vreugdevol en gelukkig wees. Boonop spreek dit 'n mens nogal aan as iemand positief bly te midde van swaarkry. Baie van ons ervaar daaglik spanning, teenlae, druk of dalk eensaamheid. Daar is soveel goed wat dreig om ons ons vreugde te ontnem. Hoe is dit moontlik dat Paulus in sy moeilike omstandighede steeds gelukkig is en ander ook oproep om bly te wees? Die antwoord hierop vind ons saam met die opdrag om bly te wees in Filippense 4:4: "Wees altyd bly IN DIE HERE". Ons wat in die Here glo het die grootste moontlike rede tot blydskap. Ons lewe nie tevergeefs nie! Die Here Jesus het met sy lewe betaal vir ons ewige lewe. Ons Here het ons werklik lief. Hy hou ons vas en gee aan ons 'n taak ondanks en selfs te midde van dikwels moeilike omstandighede. Hiervoor is ons God ewig dankbaar. En ons kan en moet ons dankbaarheid en vertroue in Hom wys deur vandag en elke dag bly te wees in die Here.

Deel van die vrug van die Heilige Gees is dat Hy vreugde in ons hart bewerk oor die voorreg om God te ken.

Laat ons God dan bid dat mense in ons lewens die vreugde van verlose mense kan sien en God ook kan verheerlik. Ons blydskap sal mense inspireer om ook die Here te leer ken. Laat ons vandag, met die Here se hulp, ons daarop toelê om na die positiewe kant van sake te kyk sodat ons werklik altyd bly kan wees in die Here - tot sy eer en vreugde.

Dr. H.G. Stoker (Pretoria-Sunnyside)